

27 Januarie 2013: Gesamentlike Jeugdiens

Voorafsang: Lied 159: 1, 2, 3; Lied 175:1; Lied 205: 1, 2, 3

1. God is hier teenwoordig;
laat ons biddend nader,
hier waar ons voor Hom vergader.
God is hier teenwoordig.
Heilig is die Here;
buig in stilte, Hom ter ere!
Wie Hom roem, wie Hom noem
Heer en Hemelvader, kom nou almal nader!

2. God is hier teenwoordig.
Here, gee ons vrede,
wees genadig, wil vergewe.
Ons is swak en sondig,
maar ons lied verkondig:
U's die bron van alle lewe.
U is Heer, U regeer.
Lei ons al ons dae na u welbehae.

3. God is in sy tempel;
hemelpoorte bewe,
almal buig voor Hom wat lewe!
Engele sing: Heilig,
heilig is die Here,
in die allerhoogste sferes!
Uit die stof klink ons lof:
Here, God van vrede, hoor ook ons gebede.

Lied 175:1

Majesteit,
glansryke heerlikheid!

Ons wil Jesus,
die koning, hulde bewys!
Majesteit,
hemelse heerlikheid!
Van waar ons woon, tot by sy troon,
wil ons Hom prys.
Kom ons loof, kom ons besing
die Naam van Jesus!
Kom ons loof, kom ons aanbid
die Here ons God!
Majesteit,
heilige heerlikheid!
Hy het gesterf, ons heil verwerf,
Hy het oorwin!

Lied 205: 1, 2, 3

1. Bring lof aan die Vader,
verheerlik die Seun,
vir liefde, genade,
verlossing en steun –
dat elkeen wat glo
nie verlore mag gaan
maar ewig voor Hom
as verlose kan staan.

Loof die Heer, loof die Heer –
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer –
prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig

ons Vader kan noem.

2. Ons lof aan die Skepper
wat altyd getrou
sy kerk hier bewaar,
dit vernuwe en bou –
ons bly inspireer
en ons stuur deur sy Gees
om sout en om lig
vir die wêreld te wees.

Loof die Heer, loof die Heer –
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer –
prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig
ons Vader kan noem.

3. Ons lof, ons aanbidding,
o Vader, ons lied
is nietige klanke,
deur kinders gebied.
Tog sien U ons nood
en verhoor ons gebed –
oneindig die liefde
wat U vir ons het.

Loof die Heer, loof die Heer –
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer –
prys sy heilige Naam!

Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig
ons Vader kan noem.

Stilte terwyl ons wag vir ons ontmoeting met die Here

Ons bely in Wie se Naam ons hier bymekaar is:

“God is vir ons `n toevlug en `n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid.”

Groetseën: “Mag daar vir julle genade en vrede in oorfloed
wees deur julle kennis van God en van Jesus ons
Here”

Loflied: Ps. 150-2: 1, 2

1. Prys die Here, almal kom,
loof Hom in sy heiligdom.
Prys Hom met die harp en lier
hier op aarde, prys Hom hier.
Prys sy dae sterk en kragtig;
Sing jul loflied in 'n koor.
Jubel so dat almal hoor:
Hy is groot en Hy is magtig.

2. Laat ons God se grootheid vier.
Loof en prys Hom met die lier.
Bring die tamboeryn en snaar
en die horing bymekaar.
Prys met musikale rykdom,

harp en fluit en die simbaal.
Almal wat kan asemhaal,
Halleluja, loof en prys Hom.

Skriflesing oor God se Koningskap: Psalm 47

Loflied: Ps. 47-2: 1, 2

1. Juig, o volke, saam,
loof die Heer se Naam.
Prys met handgeklap
God se koningskap.
Bring die Koning eer
wat oor ons regeer.
Ja, oor elke land
strek sy heersershand.
Liefdevol het Hy
ons tot hier gelei.
Lieflik bloei ons land
onder God se hand.

2. Hy, die Heer, gaan op
na die berg se top.
Blaas die horing, kom
na sy heiligdom.
Laat ons lof weergalm
met basuin en psalm.
Koning is sy Naam.
Hy bind volke saam:
Almal word gestel
onder sy bevel.
Hoog verhewe Heer,
Hy, ons God, regeer.

Kom ons bid tot die Here, loof Hom, en vra dat die Heilige Gees ons sal lei.

Teksgedeelte: Jakobus 1:2-8 (Voorgelees deur Zané Labuschagne)

Teksvers: Jakobus 1:5

Tema: Kies Jesus as Koning in `n deurmekaar wêreld.

Ons lewe in `n deurmekaar wêreld wat net nie heeltemal sin maak nie. Ons hoor só baie goed en sien só baie goed oor hoe wonderlik die lewe moet wees, maar *actually* is die lewe alles behalwe goed en mooi! Elkeen van ons sit met `n stuk seer en swaar in ons lewe. Daardie seer en pyn van my ma en pa wat dalk gaan skei of geskei het. Daardie seer van `n pêl wat agter my rug stories oor my rond draai en wat nie eers eintlik dit werd is om my vriend te wees nie. Daardie seer en pyn om uitgestoot te word by die skool omdat ek nie *cool* genoeg is vir die ander nie of omdat ek nie soveel sakgeld soos hulle kry nie. Dis baie seer om dit te beleef.

En dan kom Jakobus en hy krap ons wêreld nog meer deurmekaar deur te sê dat ons moet bly wees wanneer hierdie seer, hierdie “beproewings”, oor ons pad kom! Hoe kan ek bly wees wanneer ek seer het? Dit maak glad nie sin nie en as ek rondom my kyk en ek sien hoe ander mense reageer oor seer en pyn in hulle lewe maak dit nog minder sin. Dit pas net nie in om te sê dat ek moet bly wees wanneer hierdie beproewings oor my pad kom nie.

Hoekom sê Jakobus dit? Hoekom moet ek bly wees oor die feit dat ek seer kry en hoe kan ek bly wees as ek seer kry? Vir

Jakobus is beproewings nie `n eindpunt nie, maar dit is `n *tool* waardeur ons geloof kan groei. Hy sien dit nie as `n doel op sy eie nie, maar as `n middel waardeur ons kan groei in ons verhouding met die Here. Daarom dat hy dadelik hierdie swaartye in ons lewe koppel aan ons geloof en dat ons geloof deur hierdie swaartye getoets word. Wanneer ons geloof dan hierdie toets deurstaan, wanneer ons nie tou opgooi in hierdie swaartye nie, maak dit ons sterker. Dit leer ons hoe om te volhard – om aan te hou ten spyte van die seer en die moeilike situasies. Wanneer ons só aanhou volhard, kan ons tot volle geestelike rypheid kom. Anders gestel: ons sal dan groei in ons geloof en ons Here beter leer ken.

Paulus het hierdie ook op `n manier gesê. Hy het vir die gemeente in Rome geskryf en in Romeine 5:3 sê hy die volgende vir hulle: *“Ons verheug ons in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.”*

Dis nou alles mooi en goed, maar hoe kry ek dit reg om bly te wees in hierdie swaarkry. Ons weet nou dat beproewings ons kan help om te groei in my geloof, maar hoe kan my houding verander? Hoe kan ek die regte bril opsit om hierdie seer en pyn as groei-geleenthede te sien? Ek kan dit doen deur te bid vir wysheid! Daarom dat Jakobus hierso sommer so spring van volharding in moeilike tye na wysheid.

Maar wat is hierdie gebed vir wysheid wat ek moet bid? Eers wat hierdie gebed nie is nie.

- 1) Hierdie gebed is nie `n *quick-fix* nie. As ek vir wysheid gaan bid, beteken dit nie dat ek skielik super-kennis gaan kry om hierdie situasie anders te hanteer en dadelik die

probleem om te los nie. Ek gaan nie dadelik weet hoe om *cool* te wees nie en ek gaan ook nie weet wat om te doen sodat my ma en pa bymekaar kan kom en mekaar kan vergewe nie. Daar gaan nie sommer dadelik `n einde kom aan die seer en pyn nie en heel moontlik gaan ek nogsteeds net so min weet as wat ek geweet het voor die gebed.

- 2) Hierdie gebed is ook nie `n “*name it and claim it*” gebed nie. Dit beteken dat ek nie noodwendig dadelik die kennis sal kry nie. Die hartseerste ding wat mense kan doen is om vir God voor te skryf hoe Hy moet optree en aan wie Hy wat moet gee. Wanneer Jakobus sê dat God aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyte gee, beteken dit nie dat ons nou maar net kan vra wat ons wil hê nie. Wat Jakobus hiermee bedoel is dat God aan ons sal gee waarvoor ons vra, wanneer ons juis daarop fokus om Hom beter te leer ken.

Wat hierdie gebed wel is, is `n gebed waarin ek vir God vra om deur die Heilige Gees vir my wysheid te gee, sodat ek nie sal vaskyk in die seer en die pyn nie, maar dat ek deur dit sal kan sien. Dit is `n gebed waarin ek die Here vra om vir my wysheid te gee, sodat ek hierdie seer sal sien as `n geleentheid om te groei in my verhouding met die Here. Dit is `n gebed waarin ek die Here vra om vir my wysheid te gee, sodat ek sal kan aanhou en uithou al het ek só baie seer en is dit vir my só moeilik om ander mense in die oë te kyk.

Dit is gebed waarin ek die Here vra om te keer dat ek *double minded* sal wees. Dit is wat dit beteken wanneer mens twyfel terwyl jy bid. Hierdie twyfel waarteen Jakobus ons waarsku beteken nie dat ek wonder oor of God my gebed gaan verhoor nie, maar dat ek twyfel oor of ek die Here moet dien en of ek my eie plannetjies moet probeer maak. Dit is juis omdat ek vra dat

God vir my wysheid sal gee en omdat ek wil groei in my verhouding met Hom, wat ek kan weet dat Hy my gebed sal verhoor! Dit is een van die wonderlike beloftes van die Here – wanneer ek met alles in my wil groei in my verhouding met Hom, wanneer ek Hom beter wil leer ken, dan sal Hy vir my alles gee wat ek nodig het!

Want sien, dit is juis die doel agter baie van die seer en pyn van ons lewens – dit is `n geleentheid waar ek kan groei in my verhouding met Jesus Christus. Dit is `n geleentheid waar ek kan kies om hierdie seer en pyn só te hanteer dat ek Hom beter kan leer ken, want Hy het my eerste gekies. Dit is alleen om Jesus Christus my eerste gekies het, omdat Hy my vry gemaak het, wat ek Hom as Koning oor my deurmekaar wêreld kan kies.

Mag die Here só met elkeen van ons werk, dat ons in ons seer en moeilike situasies Hom beter leer ken. Mag Hy vir ons die wysheid gee om te bid dat Hy vir ons volharding sal gee, sodat ons die seer in ons lewens as groeigeleenthede sien. Mag Hy Koning oor ons lewens wees en bly en mag Hy ons só gryp dat ons ons knieë voor Hom sal buig en Hom sal loof vir Wie Hy is – my Koning ook in my moeilike situasies!

Amen

Gebed

Liefdegawe

Sing: Lied 292: 1, 2

1. My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop.
Ek behoort aan die Here.

Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop.

2. Die doop is die seël
dat die Heilige Gees
my 'n kind van God,
die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord
is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons
lei; deur sy liefde bewaar Hy my.

Wegstuurseën: “Die Here sal julle seen en beskerm, die Here
sal tot julle redding verskyn en genadig wees, die
Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede
gee.” Amen.

Amen: Sb. 13-1